31 Desember 2017: Oujaars-aanddiens
Teksgedeelte: Psalm 126:1-6

Ons word deur die Psalmskrywer geroep om te ontdek dat die God wat die wonderwerke van gister en eergister gedoen het, ook die God is wat vandag en môre en tot in ewigheid sowerein regeer. Sy almag is van só 'n aard dat Hy Een is wat van almal, ook heidene en mense wat nie sy gesag erken en bely nie, as instrumente gebruik. Die Ou- en die Nuwe Testamente is vol verhale uit die geskiedenis wat bewys dat Hy nog altyd, op sy eie tydraamwerk, presies gedoen het wat Hy deur die profete belowe het. Ons word dus die Nuwejaar ingeroep om met geloofsvertroue te lewe in die wete dat Hy sy eie plan ten uitvoering sal bring en ons mét óf sónder ons instemming as instrumente sal aanwend om sý doel te bereik. Ons moet egter ook sien dat dit soms trane stort kos om uiteindelik die vrugte van die oes met blydskap in te samel. Daarom moet ons leer om altyd die groter prentjie raak te sien – dat Hy regeer ten spyte en te midde van die regeerders van hierdie eeu. Ons is immers méér as oorwinnaars saam met Christus. Die toekoms, onbekend vir ons, is in God se beskikkende hande. Wat 'n troos!